Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

NOVEMBER 2015

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

2015 Nasionale Blouvlag-toekennings vanjaar in Overstrand aangekondig

Op Dinsdag 6 Oktober is die viering van Nasionale Marine Week (12 tot 18 Oktober) heel gepas voorafgegaan deur 'n geleentheid op Hermanus se Grotto-strand waartydens 2015 se nasionale blouvlag-toekennings aangekondig is.

'n Blou Vlag is 'n internasionale toekenning waarop strande, bote en marinas aanspraak kan maak indien hulle voldoen aan streng kriteria rakende veiligheid, geriewe, netheid en omgewingstandaarde soos omskryf deur dié veldtog se internasionale koördineerders, die Stigting vir Omgewingsopvoeding (FEE).

In Suid-Afrika word die program deur die Natuurlewe-en-omgewingsvereniging van Suid-Afrika (WESSA), tesame met deelnemende plaaslike owerhede, bestuur.

Wat hierdie aankondigingsgeleentheid selfs meer roerend gemaak het, is dat die gasheer-strand (Grotto) vir 15 jaar se ononderbroke Blouvlagstatus met 'n goue sertifikaat bekroon is, onderwyl Overstrand se ander twee Blouvlagstrande (Kleinmond en Hawston) silwer ontvang het omdat hulle hierdie gesogte status ononderbroke die afgelope 10 jaar verwerf het.

Uitgebeeld op die 2015 Nasionale Blou Vlag Begin seremonie (van links na regs) Dr Thommie Burger (hoof uitvoerende beampte van WESSA); die agbare Derek Hanekom (Minister van Toerisme); Alderman Nicolette Botha-Guthrie (Munisipaliteit Overstrand Uitvoerende Burgemeester); Roderick Williams (Direkteur van Gemeenskapsdienste Munisipaliteit Overstrand) en Coenie Groenewald (Munisipale Bestuurder Overstrand Munisipale)

Toerisme as 'n bedryf neem wêreldwyd toe. Onteenseglik is dit die bedryf wat die meeste inkomste in Overstrand genereer. Juis daarom word daar gepoog om met groot sorg na die streek se strande om te sien want hierdie strande is die middelpunt waarom toerisme-ondernemings draai.

Vir die munisipaliteit is die nasionale Blouvlagprogram 'n platform wat hy kan inspan in sy pogings om 'n ommekeer te bewerkstellig indien enige skade aan die omgewing of 'n verlies aan biodiversiteit in die gebied sou voorkom. Met hierdie doel voor oë is gespesialiseerde afvalwaterbehandelingsaanlegte, herwinningsinisiatiewe en omgewingsopvoedingveldtogte, om maar net 'n paar te noem, reeds as remediërende oplossings deur Overstrand van stapel gestuur.

Die program maak dit ook moontlik om plaaslike gemeenskappe, werkers, bestemmings, verbandhoudende sakeondernemings en belanghebbende partye op nuwe en innoverende maniere by omgewingsbewaring te betrek. Kortom, hierdie samewerkende model verlaat hom op 'n kollektiewe bewustheid en het 'n aansienlike impak op toerisme-ontwikkeling in die streek.

Die nasionale minister van toerisme, sy edele Derek Hanekom, het net die hoogste lof vir Overstrand: "Ek gebruik Overstrand dikwels as 'n voorbeeld van 'n resep waarvolgens die gesamentlike pogings van die gemeenskap, die munisipaliteit, die owerheid, belanghebbers en sakevennote ingespan kan word om te verseker dat 'n omgewing op 'n gesonde wyse ontwikkel en bewaar word. Mens kry die indruk van trots en 'n voorneme om 'n gemeenskaplike doel en oogmerk na te streef. Sulke passie verdien lof."

In haar hoofrede het Uitvoerende Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie by minister Hanekom aangesluit deur te sê, "Ek is opregte dank verskuldig aan ons mense - die gemeenskap, amptenare en staats- en sakevennote. Danksy julle harde werk en toewyding was ons in staat om keer op keer 'n paar van ons strande met die gesogte Blouvlag-status te bekroon. Sinergie van hierdie aard is onontbeerlik indien ons 'n volhoubare omgewing ryk aan biodiversiteit vir ons nageslagte wil nalaat."

Nadat die blou vlag op Grotto gehys is, is die geleentheid op 'n hoë noot afgesluit met 'n pragtige vertolking van die volkslied deur Nelson Knanunu, 'n wetstoepassingsbeampte in diens van Overstrand. Daarna het die gaste na die nabygeleë Duchees-restaurant vertrek om hulle in 'n uitstekende vingerete te verlustig ten aanskoue van 'n paar majestueuse walvisse wat in die baai baljaar het. Sonder twyfel het hierdie dag met sy goeie herinneringe 'n blywende indruk op almal gelaat.

Kinderboeke by die Honderd

"There is no child who cannot be hooked on books provided the right book is produced at the right moment." - Jay Heale

Die Enlighten Education Trust, in samewerking met die Hermanus Times, het onlangs hul opwindende Reg-om-te-Lees-veldtog van stapel gestuur.

Die trust se visie is om die hele Overstrand-gemeenskap te betrek by 'n veldtog om elke graad R-klas in hierdie streek met 'n mini-biblioteek bestaande uit minstens 100 pragtige, ouderdomgepaste storieboeke toe te rus. Van boek- en sportklubs tot aftreeoorde en jeuggroepe, alle gemeenskapslede word genooi om mekaar uit te daag om boeke te koop en na skole vanaf Bettysbaai tot Gansbaai te versprei.

In baie gevalle gaan duisende kinders vir die eerste keer die voorreg hê om hulle in hul eie boeke in hul eie klaskamers en huise te verlustig. Namate hulle 'n liefde vir lees ontwikkel, sal 'n wêreld van woorde, verbeeldingsvlugte, kennis en moontlikhede vir hulle oopgaan wat hul lewens vir altyd sal verander.

Koop boeke of skenk geld vir boeke - die keuse is joune - maar raak gewis betrokke by hierdie projek om die gemeenskap op te bou. Nadere besonderhede kan verkry word deur 'n ogie op die Hermanus Times te hou, Elmine of Elaine by Enlighten te kontak Tel. 028 313 0974 of 'n e-pos te stuur aan library@enlighten.org.za.

Overstrand doen sy deel om afval te verminder

Met Nasionale Herwinningsweek wat pas vanaf 14 tot 19 September gevier is en waartydens die herwinningsbedryf 'n beroep op Suid-Afrikaners van alle ouderdomme en agtergronde gedoen het om aan 'n verskeidenheid opruiming- en herwinningsaktiwiteite deel te neem, was dit heel gepas dat Overstrand van hierdie geleentheid gebruik gemaak het om met sy ruilwinkels te spog.

Op Woensdag 16 September 2015 het Munisipaliteit Overstrand 'n 'Recycle Swop Shop'-bewusmakingsdag in die Stanford-gemeenskapsaal aangebied. Die geleentheid is deur verskeie munisipale en staatsamptenare, rolspelers in die bedryf, vrywilligers en belangstellende lede vanuit die gemeenskap bygewoon.

By die 'Recycle Swop Shop'-bewusmakingsdag in Stanford was (van links na regs) Johan van Taak (vasteafvalbestuurder: Overstrand), Raadslid Riana de Coning (Wyk 2), Raadslid Dudley Coetzee (Wyk 11), Charmaine Beukes (bemarkingsbestuurder: White Shark Projects), Uitvoerende Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie, Francois Myburgh (areabestuurder: Gansbaai) en Petronella Ferreira (areabestuurder: Stanford)

'n Aantal ruilwinkels word in voorheenbenadeelde areas binne die Overstrand-streek bedryf en is van groot waarde vir die onderskeie gemeenskappe. Hierdie ruilwinkels het 'n multifunksionele kapasiteit:

- As 'n opvoedkundige werktuig maak hulle kinders daarvan bewus dat afval 'n monitêre waarde het en dat herwinning met 'n bietjie moeite hul ekonomiese omstandighede kan verbeter.
- Hulle onderrig ons jeug in belangrike sakebeginsels en die kuns van ruilhandel.
- Hulle help die munisipaliteit om die strate en omgewing skoon te hou.
- Hulle dra aansienlik daartoe by dat afval nie by stortingsterreine beland nie, veral gegewe dat die koste vir die bou van nuwe selle by hierdie terreine die hoogte in skiet.

Die ruilwinkels werk op 'n puntebasis waarvolgens kinders aangemoedig word om herwinbare materiaal soos bottels, blikkies, papier, ensovoorts te versamel. Wanneer die materiaal by die ruilwinkels ingehandig word, ontvang hulle punte wat gebruik kan word om items van hul keuse te koop. Die items waaruit hulle kan kies, wissel van huishoudelike skoonmaakmiddels tot nie-bederfbare kos, toiletware, skryfbehoeftes en selfs speelgoed.

In haar toespraak by dié geleentheid het Uitvoerende Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie spesiale eer betoon aan die vrywilligers wat hierdie ruilwinkels beman. "Julle harde werk om hierdie winkels te bestuur en te sorg dat hulle na behore bedryf word, word opreg waardeer. Die munisipaliteit is al te bewus van jul bydrae en die belangrike rol wat julle met hierdie pogings in die lewering van volhoubare dienste aan ons gemeenskap vervul. Ons besef ook dat hierdie herwinningsaktiwiteite grootliks gaan bydra tot ons strewe om weer eens op die gesogte status as die land se 'groenste munisipaliteit' aanspraak te maak," het sy gesê.

Sy het ook 'n verdere uitdaging vir die teenwoordiges, en die publiek in die algemeen, gestel deur te verklaar dat sy die voortou gaan neem in 'n missie om van Overstrand 'n plastieksakvrye omgewing te maak. "Net gister het ek trots by my personeel gespog met die pragtige sakke gemaak van herwonne materiaal wat ek onlangs gekoop het en voortaan vir my inkopies gaan gebruik. Ek het 'n beroep op hulle gedoen om my voorbeeld te volg en grappenderwys gewaarsku dat enigeen wat met plastiek-inkopiesak betrap word, summier beboet sal word," het sy geskerts.

Die media is ook geloof vir die rol wat hulle vervul om programme en projekte van hierdie aard onder die publiek se aandag te bring. In hierdie verband het Botha-Guthrie verklaar, "Hoe meer ons ons gemeenskappe oor hierdie onderwerp kan opvoed, hoe groter die kans om verantwoordelike en bedagte burgers te kweek wat almal deur herwinning deel het aan die vermindering van ons afvalvlakke. Op hierdie manier sal ons op die lange duur 'n volhoubare en besoedelingsvrye omgewing vir ons nageslagte verseker."

PARKEERGELDE AFWAARTS AANGEPAS

BESONDERHEDE	AANPASSING 2015/2016		GOEDGEKEUR 2015/2016		2014/2015	
	BTW uitgesluit	BTW ingesluit	BTW uitgesluit	BTW ingesluit	BTW uitgesluit	BTW ingesluit
PARKEERGELDE						
Meterparkering (sluit openbare vakansiedae uit)						
Maandelikse permit per voertuig	263.16	300.00	424.56	484.00	385.97	440.00
Per kwartier of deel daarvan - Maandag tot Vrydag 08:30 - 16:00	0.88	1.00	1.75	2.00	0.88	1.00
Per halfuur of deel daarvan - Maandag tot Vrydag 08:30 - 16:00	1.75	2.00	2.63	3.00	2.63	3.00
Per uur - Maandag tot Vrydag 08:30 - 16:00	3.51	4.00	5.26	6.00	4.39	5.00
Per uur - Saterdae 08:30 - 13:00	3.51	4.00	5.26	6.00	4.39	5.00

VERSTOMMENDE VIRTUOSE UITERS VERMAAKLIK

O·A·K
overstrand arts • kunste

Die Lavrova-Primakov-klavierduo se **Virtuosity Extravaganza** - vier hande op een klavier – sal die Overstrand-gehoor na hul asem laat snak. In hierdie extravaganza gaan die duo Simfoniese Etudes, op. 13 deur Schumann; die Groot Sonate vir Klavier Vier Hande in F-mineur, op. 178 deur Carl Czerny en Corelli se Variasies op 'n Tema, op. 42 speel sowel as Ses Morceaux deur Sergei Rachmaninoff. Musiekliefhebbers moenie dié uitvoering deur hierdie twee hoogs bedrewe Russiese pianiste misloop nie!.

Die konsert vind plaas op Sondagaand 8 November om 19:00 in Hermanus se ouditorium. Kaartjies kos R120 (R60 vir studente) en sal ook by die deur beskikbaar wees. Besprekings kan by BELLINI-GALERY gedoen word, tel. 028 312 4988. Kontak sekretaresse René du Plooy by 082 940 4238 vir navrae.

Lavrova-Primakov